Eenheid 14 Eenvoudige ritmiese patrone

Ondersoek tromtegnieke om as begeleiding vir 'n kulturele dans te dien

Ritme is oral rondom ons. Het jy agtergekom dat mense ritmies praat en loop, en dat die musiek waarna hulle luister ook ritmies is? Selfs in die natuur is die reën en voëlsang ook ritmies.

Tromme is waarskynlik die mees algemene ritmiese instrument. Daar is vandag 'n wye verskeidenheid tromme beskikbaar. Die *djembe*-trom word van 'n uitgeholde boomstomp gemaak en oorgetrek met ongelooide dierevel. Die *djembe*-trom is baie populêr in Suid-Afrika.

Voordat jy op 'n *djembe*-trom speel, maak seker dat jy gemaklik sit. Sit op 'n stoel wat hoog genoeg is sodat jy die trom kan vashou. Laat die trom effens vorentoe kantel. Jou hande moet gemaklik op die tromkop rus.

Jy kan die *djembe*-trom ook staande speel as die trom aan 'n leerband hang. Baie spelers gebruik 'n lang leerband wat om die trom en oor hul skouers vasgemaak word.

Daar is verskeie tegnieke wat mense op die *djembe*-trom gebruik. Die bastoon is 'n diep basklank wat op die trom geproduseer word. Kom ons herhaal kortliks van die eerste kwartaal: slaan op die middel van die trom met die palm van jou hand. Jou vingers moet bymekaar wees en jou hand en vingers moet die trom gelyktydig tref.

Die **oop toon** is 'n helderder, oop klank. Speel dit met jou vingers effe weg van mekaar op die kant van die trom. Wanneer jy die trom slaan, laat jou hand terugwip.

Die klank van die gedempte toon is sag en gedemp. Die tromtegniek is dieselfde as die ooptoon, maar hou jou ander hand ook op die trom om die klank te demp.

Die speel van die djembe-*trom*



Die bastoon

Die oop toon

Die gedempte toon

Aktiwiteit 14.1 Tromspeel

25 minute

Jou onderwyser sal jou begelei in fisiese opwarmingsoefeninge, en 'n afkoeling, vir koördinasie en beheer.

1. Oefen die drie tromtegnieke op jou trom: die bastoon, die oop toon en die gedempte toon.
2. Maak groepe van vier leerders. Werk 'n ritmiese patroon op die trom uit om as begeleiding vir 'n dans te dien.
3. a) Waarvan word die *djembe*-trom gemaak?
   b) Beskryf die klank van die bastoon in jou eie woorde.
   c) Beskryf die klank van die gedempte toon in jou eie woorde.